**Donderdag 22 November**

| Skrifgedeelte: Sagaria 10 | Fokusgedeelte: Sagaria 10:4 |
|---|---|

# Die Koning is ’n Hoekklip en ’n Tentpen, en sy volk ’n oorlogsperd

’n Groot deel van Juda se probleme was swak leiers. Hulle het die volk in ellende laat beland, soos skape sonder herders.

Die beloofde Messiaskoning sal kom en die Goeie Herder wees wat sy kudde se lot verander. Hy kyk na die skape en kry hulle innig jammer. Hy gee sy lewe om hulle na ’n lewe in oorvloed te lei; groen weivelde en waters waar rus is.

Om ’n veilige blyplek te verseker, is die Goeie Herder ook ’n Hoekklip en ’n Tentpen. Dié twee beelde wys op wonings met vastigheid. ’n Hoekklip sluit al die ander klippe in ’n huis saam tot ’n stewige, bewoonbare struktuur. ’n Tentpen anker in die grond sodat die seile wyd gespan kan word en oorgenoeg skuiling vir inwoners kan bied.

Telkemale word die hoekklip-beeld in die Nuwe Testament op Jesus toegepas. Hy het mens geword, sy tentwoning opgerig en by ons kom woon. Immanuel. Hy het sy kerk kom vestig en ’n gebou gemaak waarin God deur sy Gees woon. Hy is die belangrikste steen in die gebou, sy kerk, maar ons is almal lewende stene. Jesus gee aan sy kerk vastigheid en eenheid en maak ons bewoonbaar – maar wil ons ook met ’n doel gebruik.

Sagaria sê die Goeie Herder se skape word oorlogsperde. Nie meer ellendige slagoffers nie, maar mede-oorwinnaars met Jesus Christus. Meer as oorwinnaars!

Met die swaard van die Gees, die Woord van God, in die hand word ek en jy verkondigers van die Messiaskoning se oorwinning.

*Sing: Psalm 118-1:1, 11, 14*

*Ds. AP (Alwyn) Tredoux (Kempton Park-Noord)*